

Skeur uit en
hou in jou Bybel



Geopende *Deure*

GEBEDSKALENDER

SEPTEMBER 2019

1 | SRI LANKA Pastore wat in 'n digbevolkte Boeddhistiese-distrik van Sri Lanka bedien ervaar verbale teistering, doodsdreigemente en intimidasie deur ingelowiges. Bid vir moed en volharding vir gelowiges om dié vervolging te verduur.

2 | SUIDELIKE FILIPPYNE In die stad van Mindanao was kerke voorheen stampvol, maar uit vrees vir bomaanvalle, skietery en ontvoerings het sommige gemeentelede na ander plekke gevlug. Bid vir die Kerk in hierdie stad – mag gemeentelede 'n dapper getuienis van Christus wees ten spyte van die vrees.

3 | VIËTNAM Tran* (18), sy vrou Chau* (16) en hul baba is verban deur hul familie en dorpie oor hul Christelike geloof. Hulle woon nou in 'n tydelike tent in 'n bos. Bid dat die Here in al hul behoeftes sal voorsien.

4 | MIANMAR Bid dat komende kinderkampe prettige, opwindende plekke sal wees waar kinders Jesus as hul Verlosser sal leer ken. Bid ook dat die kerkleiers kinderbediening as 'n belangrike prioriteit van kerkaktiwiteite sal behou.

5 | CHINA 'n Paar maande gelede is Ammar*, 'n Gelowige vanuit 'n Moslem-agtergrond en leier, gearresteer sonder verduideliking. Gedurende 'n kort besoek het sy vrou ontdek dat hy geforseer word om daaglik ateïsme te studeer en dat hy eksamens moet slaag om vrygelaat te word. Bid vir krag vir Ammar en vir sy vrylating.

“Toon u wonderlike trou, U wat almal help wat vir hulle vyande by U skuil. Beskerm my soos die appel van u oog, steek my weg in die skaduwee van u vleuels.”

Psalm 17:7-8 (Nuwe Vertaling)

6 | CHINA Toe Kamilah* se man gearrester is, het die polisie haar forseer om haar tuisdorp te verlaat. Hulle het gesê dat dit vir haar eie veiligheid is, maar dít is h'n bekende en deurlopende, stelselmatige strategie om families te skei en etniese kultuur te verswak. Bid vir Kamilah en haar gesin – mag God in hul behoeftes voldoen en haar man binnekort vrylaat.



7 | NOORD-KOREA Bid vir die families van geheime Christene – mag hulle, op een of ander manier, vir Christus vind, selfs al kan hul familieledes hulle nie openlik van Christus vertel nie. Bid vir bonatuurlike ontmoetings met God te midde van die geheimhouding.

8 | INDIË Aarti* vertel al haar vriende van Jesus. Onlangs het h'n meisie, wat voorheen lofprysing by haar huis bygewoon het, Aarti valslik daarvan beskuldig dat sy haar tot bekering verlok het. Bid vir vertroosting vir Aarti en dat sy onskuldig bevind sal word in die opkomende hofsak.

9 | MALEISIË Die Menseregte-kommissie van Maleisië het h'n uitspraak gemaak dat beide pastoor Raymond Koh en Sja Moslem, Amri Che Mat, slagoffers is van gedwonge verdwyning deur die Staat. Bid vir die waarheid en geregtigheid om te seëvier in dié saak.

10 | INDONESIAË Ons opleidingspersoneel moet soms baie ver reis onder moeilike omstandighede. Bid vir hulle vir krag, gesondheid en passie om die moeilike reise te deurstaan en gelowiges te bemoedig.

11 | BROENEI Die sultan van Broenei is die beskerm van Maleise en Islamitiese kulturele waardes. Hy beoefen ook alleenheerskappy as die koning, eerste minister, en minister van finansies en verdediging. Bid dat God op h'n kragtige wyse sal werk in sy en sy familie se lewens om Hom te leer ken.

12 | MALEDIVE Dit is hartverskeurend om te hoor dat kinders steeds die slagoffers van molestasie deur hul eie familieledes is. "Ek kan nie my man met ons dogter vertrou nie," het een ma ons vertel. Bid dat God die kinders van die Maledives sal beskerm en leiers sal ophef wat sal optree teen hierdie soort mishandeling.

13 | MALEDIVE Diegene wat tot bekering kom buite die land keer gewoonlik na hul ou gewoontes terug wanneer hulle terugkeer huis toe. Een van die hoofredes is dat daar geen kerk in die land is nie. Dus kan hulle nie ander gelowiges ontmoet vir samesyn en bemoediging nie. Bid vir geleentheid vir hierdie gelowiges om behoorlike sorg te ontvang.

14 | BANGLADES Gedurende h'n samekoms h'n paar maande gelede, is ons bemoedig en geïnspireer deur die stories en getuienisse van ons vennote in Bangladesj. Ons kon ook goed beplan vir die res van hierdie jaar. Bid dat God hierdie planne sal seën en dat dit baie vervolgte Christene sal help bereik.

15 | SENTRAAL-ASIË Baie van julle het bemoedigende boodskappe gedeel en

SENTRAAL-ASIË vervolg

gebid vir Tammar* en Nadine* namate hul konstante vervolging ervaar het. Nadine het gesê, "Dankie vir julle liefdevolle woorde, ondersteuning en gebede. Ek glo dat ons die moeilike tye oorleef het oor jul gebede en ondersteuning." Bly asseblief volhard in gebed saam met hulle terwyl hulle probeer om hul kerk te registreer.

16 | KIRGISTAN In Tyd gelede moes Amira* vlug nadat haar familie haar geslaan het, opnuut tot Islam probeer bekeer het en haar onder huisarres geplaas het. Hulle het ook beplan om haar te forseer om met 'n Moslemman te trou. Bid vir haar veiligheid en dat God haar sal beskerm van 'n gedwonge huwelik.

17 | KAZAKSTAN In Paar maande gelede is 'n groep Christene gearresteer omdat hulle probeer het om Christelike boeke in Kazakstan te smokkel. Gelukkig is hulle sedertdien vrygelaat. Pastoor Amar* sou hulle ontmoet het nadat hulle in die land gearriveer het en is ook deur die polisie ontbied. Bid dat hierdie gelowiges nie verdere gevolge sal ervaar nie.

18 | ARABIESE SKIEREILAND Abdul*, 'n gemeenskapsleier, volhard te midde van verdrukking en baie teenstand. Bid vir hom vir onderskeiding en wysheid terwyl hy families help om volhoubare oplossings te vind vir hul baie behoeftes. Bid dat hy bewus sal bly van God se teenwoordigheid te midde van sy beproewinge.

19 | LIBANON Daar is mense in Libanon wat nie huur, skoolfooie, belasting en hospitalisasie kan bekostig nie. Bid vir die kerkleierskap om mense te kan bemoedig om hoop te behou en ook te sorg vir die wat skuiling soek in die land. Bid dat vlugtelingen weer na hul tuislande sal kan terugkeer om die druk op die Libanese samelewing te verlig.

20 | IRAK Christene in Bagdad benodig jou gebede om sterk te bly in die geloof. Alhoewel die stad nie veel in die nuus is nie, veroorsaak burgermagte vrees en paniek onder inwoners. Bid vir vrede en beskerming vir Christene en die mense van Bagdad.

21 | SIRIË Daar is hoop vir Sirië, maar die omstandighede is steeds haglik namate nog baie moet gebeur voordat stede en dorpe weer bewoon kan word. En mense met geloof en die begeerte om terug te keer is nodig. Bid dat God hierdie land, wat deur die voortslepende burgeroorlog vernietig is, sal herstel.



22 | PERSIESE WÊRELD Sluit asseblief by ons aan in gebed dat Geopende Deure baie bewus sal wees van die Here se leiding namate ons beplan vir 2020 in dié streek. Dit is moeilik om te weet wat gelowiges in die toekoms in die gesig sal staar, ons het dus wysheid in insig nodig namate ons voorbereiding doen om in hul behoeftes te voldoen.

23 | JEMEN Jemeniete weet hoe om te oorleef en word geken as mense wat hulself kan behelp met dit wat hulle het. Prys die Here vir hul taaiheid en buigsamheid. Bid dat God sal onderneem vir hierdie land waar baie mense honger ly oor die voortdurende oorlog. Bid dat kos en graan wat in die hawes wag sal uitkom by diegene wat dit nodig.

24 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK Pierre* was bestem om in sy pa se spore te volg as 'n hoëpriester van die god, Dakwa. God het egter ander planne vir hom gehad en vandag doen hy die gevaarlike werk om die Evangelie te verkondig aan sy landgenote. Bid vir die Here se beskerming oor Pierre en dat sy bediening 'n groot oes sal inbring.

25 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK Pastoor Franco* doen wat hy kan om die Evangelie te deel met anti-Balaka-lede (volgelingen van 'n tradisionele godsdienst wat van duiwelse rituele gebruik maak om hul belange te beskerm). Bid vir die Here se beskerming vir Sy baie dienaars soos pastoor Franco, en vir verlossing vir die wat geaffekteer is deur die duistere weë van anti-Balaka.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

26 | ETHIOPIË Voor Berhanias* 'n Christen geword het is sy deur nagmerries en kopsere geteister. Sedertdien het sy nege kerke geplant, maar sy benodig hulp omdat dit te veel werk is vir een persoon. Bid dat God sal voorsien in al haar bedieningsbehoefes.

27 | NIGERIË Bid vir die baie duisende naamlose persone wat in Boko Haram se kloue bly. Bid dat die Here hulle almal sal bevry. Totdat Hy hulle bevry, bid dat Hy hulle sal onderskraag en in hul lewens sal werk.

28 | GUINEË Pastoor Elie* en ander Christene kan nie bymekaar kom om God te aanbid nie. Die dorpenaars hou wag voor sy huis om seker te maak dat geen Christelike aktiwiteite plaasvind nie. Bid vir beskerming en wysheid vir hierdie gelowiges oor hoe om mekaar te versterk.

29 | TSJAD Alfred* was 18 toe sy familie hom verban het omdat hy geweier het om ander jongmanne voor te berei op inisiasie en oor hy Christene aangesê het om nie deel te neem aan die inisiasierituele nie. Bid vir krag en volharding vir hom en die ander jongmanne wat verban is oor hulle teenstand.

30 | LIBIË Libië is al vir jare in 'n burgeroorlog verwickel en Christene bevind hulself in die middel van die vegtende faksies. Bid vir vrede in hierdie land. Bid ook vir fisieke beskerming en geestelike volharding vir gelowiges in dié land.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure
Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org